# Hoofstuk van die dag: Matteus 21

> *“Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe: Hy is sagmoedig en Hy sit op ’n donkie, en op ’n jong donkie,*

*die vul van ’n pakdier.” (vers 5, 2020-vertaling)*

Dieselfde skare wat Jesus so jubelend die stad in begelei het, het ses dae later geskreeu (27:22): “Kruisig Hom!” Hulle het gehoop op ’n kragdadige Messias, en daarom lees hulle die tekens mis. Jesus ry nie op ’n oorlogsperd nie, maar op ’n donkie. Matteus is gou om ons aandag daarop te vestig.

As jy nie verstaan dat Jesus as Messias die Sagmoedige is nie, maak die intog-toneel ses dae voor Goeie Vrydag nie sin nie. Dan lyk Golgota na ’n patetiese mislukking.

Maar ons Koning is sagmoedig. Daarom ry Hy op ’n donkie die stad in. Daarom roep Hy nie die legioene engele wat tot sy beskikking is, op om Hom te bevry toe Hy gevang is en uiteindelik gekruisig is nie. Dis nie die manier waarop Hy regeer nie; nie destyds nie, en ook nie vandag nie.

Hy het gekom om te dien, en maak ons ook diensbaar vir ander. Hy is sagmoedig en leer ons om óók met sagte hande en vriendelike oë vir ander tot seën te wees.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

© Bybelkoerant 2018 – 2026